# DIE SKIETLOOD

173ste Uitgawe 13 Desember 2019
saam met Koersvas 173



**OOR DIE GELOFTE VAN 16 DESEMBER 1838.**

**Inleidend**.

In die Gelofte wat die Voortrekker-kommando op 9 Desember 1838 afgelê het, word belowe : "... dat ons dit ook aan ons kinders sal sê sodat hulle met ons daarin kan deel ..." , dit wil sê : "in die geloof in God moet deel tot nagedagtenis ook vir die opkomende geslagte. Want die eer van Sy Naam sal verheerlik word deur die roem en die eer van die oorwinning aan Hom te gee ...."

Hierdie Gelofte is afgelê in 'n krisis-uur in die geskiedenis van die Voortrekkers in Natal. Dit blyk duidelik uit die Gelofte want dit lui : "Hier staan ons voor die Heilige God ..... om 'n gelofte aan Hom te doen dat, as Hy ons sal beskerm ......" Dit was 'n noodkreet! Die 470 man van die kommando by die Wasbankrivier het geweet dat as hulle die stryd teen dien Zoeloes verloor, dan sou hulle mense wat in die laers aan die Klein Tugela-rivier gestaan het, ook uitgewis word.

Desember 1838 was 'n tyd van groot spanning .... en daar was ook heelparty manne wat geknak het en weggeloop het om veiligheid aan die Weste-kant van die Drakensberge te gaan soek ....

**Iets oor die Agtergrond.**

Die Gelofte van 1838 is deel van die geskiedenis van die Groot Trek toe ongeveer 15 000 mans, vrouens en kinders met al hulle aardse besittings weggetrek het uit die Engelse Kaapkolonie om 'n tuiste te gaan soek in daardie dele van Suid-Afrika wat deur die difaqane feitlik ontvolk is.

Die Trek het, van die begin af, op grond van die verkenningstogte van 1834, twee rigtings gehad. Louis Triegardt, Lang Hans van Rensburg en Hoofkomdt. Hendrik Potgieter het 'n tuiste Noord van die Vaalrivier gaan soek. Hulle sou dan die Portugese hawes aan die Ooskus van Afrika gebruik as hulle poort na die buite-wêreld.

Louis Tregardt is in Delagoabaai aan die koors dood in sy poging om 'n handelsroete na die see te verken. Lang Hans van Rensburg se familietrek het êrens in Noord-oos Transvaal spoorloos verdwyn. Dit was Hoofkomdt. Hendrik Potgieter wat die Oor-Vaalse vir bewoning oopgemaak het toe hy in November 1837 Mzilikazi se magte verslaan het, en Mzilikazi en sy mense daarna Noorwaarts uitgewyk het. Daarna kon hy al in 1838 begin om die Voortrekkerdorp Potchefstroom aan te lê.

Die ander trek-rigting was na Natal en die hawe Port Natal. Tydens sy verkenningstog na Natal het Piet Uys al met Dingaan onderhandel oor 'n moontlik tuiste in daardie geweste. Op grond van daardie inligting het die Voortrekker-leiers, Piet Retief, Gert Maritz en Piet Uys, in September 1837 in daardie rigting begin beweeg en toe eers in die wêreld, waar Harrismith later aangelê is, laer getrek. Daarvandaan het Retief die Zoeloe-koning Dingaan gaan besoek om te onderhandel oor 'n moontlike tuisland vir die Trekkers in Natal, suid van die Tugela.

In November 1837 kry die Trekkers toe die goeie nuus dat Retief suksesvol was en dat koning Dingaan bereid was om die gebied aan die Trekkers af te staan as hulle sy beeste wat van hom geroof was, sou terugbesorg. Ds. Erasmus Smit het

toe ’n dankdiens by Kerkeberg gehou en toe Retief en sy manne terugkeer van Dingaan, was daar al meer as ’n 1 000 waens onder die berg in Natal. Retief is met groot dankbaarheid terug verwelkom met die goeie nuus van wat hy alles reggekry het in sy onderhandelinge met Dingaan.

Vroeg in Februarie 1838 is Piet Retief met ’n kommando van ongeveer 70 man en Dingaan se gesteelde beeste wat hy teruggekry het, weer terug na Dingaan om nou die oordrag van die grond, suid van die Tugela, te finaliseer. By Dingaan is Piet Retief en sy manne goed ontvang en is die oordrag van die grond, suid van die Tugela, gefinaliseer. Die traktaat is formeel op 4 Februarie onderteken en so gewettig. Op 6 Februarie, toe Retief en sy manne afskeid sou neem, is hulle in Dingaan se stat oorval en by Kwa Matiwane, net buite die stad, doodgemaak.

Daarna het Dingaan die Zoeloe-leërs losgelaat op die niksvermoedende Voortrekker-laers in Noord-Natal. In die nag van 17 Februarie het die Zoeloes toegeslaan en 40 mans, 56 vroue, 185 kinders en 200 bediendes doodgemaak. Saam met Retief en sy 70 man, het die Voortrekkers 350 mense verloor ....

Dit was ’n geweldige terugslag.

Maar Komdt. Gert Maritz het dadelik opgetree om te herorganiseer, weer orde te skep en om sy mense moed in te praat. ’n Paar groot versterkte laers is gebou en daar het die Voortrekkers saamgetrek. Boodskappers is na die Kaap gestuur om hulp te vra by vriende en familie terwyl Maritz die Trekkers georganiseer en moed ingepraat het sodat hulle weer, indien nodig, sou kon terugveg.

In Augustus het ’n groot Zoeloe-leër die Voortrekkers langs die Boesmansrivier aangeval. Na ’n geveg wat drie dae geduur het, het die Zoeloes die stryd gewonne gegee en teruggetrek. Daar het dit duidelik geword dat die Zoeloes nie ’n plan gehad wat hulle in staat kon stel om ’n versterkte wa-laer te verower nie.

In September het ’n verdere terugslag die Voortrekkers getref toe Komdt. Gert Maritz, na ’n kort siekbed, oorlede is. Hy was toe al die derde Voortrekkerleier wat oorlede is voordat die Voortrekker-ideaal van ’n eie vaderland in Afrika, verwerklik kon word ....

So was 1838 op daardie stadium vir die Voortrekkers ’n ramp-jaar ......

**Die Strafkommando.**

Die Natalse Voortrekkers se hoop en verwagting het weer opgevlam toe Komdt. Andries Pretorius, in antwoord op hulle versoek om hulp, in November 1838 uit die Kaap by die laers aan die Klein-Tugela aangekom het. Andries Pretories was toe al ’n gesiene figuur in Graaf-Reinet se wêreld waar sy familie gewoon het, en was hy ’n gesoute militêre leier vanweë sy ondervinding in Grensoorloë met die Xhosas. In Oktober 1837 het hy ’n verkenningstog na die Oor-Vaalse gebied onderneem en daar het hy toe deelgeneem aan die tweede veldtog teen Mzilikazi. Na daardie ondervinding reis hy na Natal en ontmoet ook Piet Retief daar toe hy met Dingaan se beeste, wat hy teruggeneem het van Sikonyella, op pad terug is om verder met Dingaan te onderhandel. In Januarie is hy terug in Graaff-Reinet maar besluit dan om by die Voortrekkers in Natal aan te sluit. So gebeur dit toe dat hy op 20 November 1838 by die Voortrekker-laers aan die Klein-Tugela aangekom het.

Op ’n groot vergadering op 25 en 26 November word Andries Pretorius toe gekies as die bevelvoerder van die Strafkommando wat teen Dingaan moes optrek. As kommandante is Karel Landman, PD Jacobs, Koos Potgieter, Hans de Lange en Stefanus aangewys. Pretorius het dadelik begin om saam met sy kommandante, taktiek en strategie te bespreek want dit was duidelik dat die Zoeloes ’n gedugte militêre mag was. Daar is toe besluit om, ook in die lig van Komdt Piet Uys se ervaring by Italeni, nie met perde-kommando die stryd aan te pak nie, maar om vanuit ’n wa-laer as fort, die stryd aan te knoop. Terselfdertyd is daar ook besluit om aandag te gee aan dissipline en die burgers se geestelike weerbaarheid. Dit was veral op hierdie vlak waar Sarel Cilliers ’n belangrike rol gespeel het. In die godsdiensoefeninge wat hy elke aand gelei het, het hy veral dit beklemtoon dat die burgers in die komende stryd op God moet vertrou.

Jare later het Cilliers hiervan vertel (ek “vertaal” in Afrikaans): “In die aandgodsdiens het ek daarop gewys dat die Here God in Sy hemel heilig is. Tog is dit so dat ons voor die aangesig van God lewe en as ons ons aan God toewy en aan Hom ’n belofte maak, dan sal die Here ons vyande in ons hande gee.

Na die godsdiens het ons generaal met my gepraat. Dit was sy gedagte dat ons ’n plegtige Gelofte aan God sou aflê en sou belowe dat as die Here ons die oorwinning gee, ons dié dag sou hou as ’n bid-, gedenk- en dankdag elke jaar. Daarby sou ons alles aan ons kinders vertel en, as ons ’n vaderland sou kry, dat ons dan ook ’n kerk in ons midde sou bou.”

Die gedagte van ’n Gelofte is sterk deur Komdt-Genl. Andries Pretorius gesteun omdat hy goed besef het hoe groot die taak was om die Zoeloe-leër aan te pak en dat sy burgers se selfvertroue opgebou moet word vir die groot taak.

Toe die kommando by die Wasbankrivier gestaan het, is die saak van die aflê van ’n Gelofte, weer bespreek en nadat almal ingestem het, is besluit om ’n Gelofte aan die Here God af te lê. In die godsdiensoefening op Sondag, 9 Desember 1838, het Sarel Cilliers toe, na sy preek, die Gelofte in sy dankgebed afgelê.

Jan Bantjes het in sy Dagjoernaal aangeteken dat Sarel Cilliers: “ ... ’n kragtige, smeekgebed uitgespreek het om God se hulp en bystand in die volbring van die Gelofte. Daarna is die Gelofte elke aand in die aandgodsdiens herhaal.

**Die Inhoud van die Gelofte.**

Jan Bantjes, wat genl. Andries Pretorius se sekretaris was en ’n joernaal gehou het van die Strafkommando se veldtog, het al vertel dat daar nie ’n woordeliks-presiese teks van die Gelofte bestaan nie, want Sarel Cilliers het dit nooit neergeskryf nie. Tog is daar nie onduidelikheid oor die inhoud van die Gelofte nie, want genl. Pretorius skryf in sy verslag aan die Volksraad op 23 Desember :”... dat wij alhier onder elkander besloten hebben om den dag onzer overwinning .... aan den Heere toe te wijden en te vieren met Dankzeggingen .... zoo als wij in den open gebed beloofd hebben ... zoo ook dat wij den Heere tot Zijn Naams gedachtenis een huis stichten zal, alwaar Hij ons zulks aanwijzen zal.”

Jan Bantjes beaam dit in sy joernaal en voeg nog by dat hulle die dag van die oorwinning in ’n boek sal opskrywe sodat

"..... zelfs ons laatste nageslachten" van die oorwinning sal weet en dit sal gedenk. Die Voortrekkers Dewalt Pretorius en JH Hattingh het ook die inhoud van die Gelofte opgeteken en Sarel Cilliers se Herinneringe wat uit 1871 dateer, stem ooreen met die teks en woorde van die ander Voortrekkers.

Op grond van hierdie gegewens is Geloftedag 'n gedenkdag, 'n dank- en biddag. Dit moet 'n dag wees wat aan God gewy word en waar God se uitredding na vore gebring word sodat die nageslag ook God sal dank en eer. Hier word dit duidelik dat die Afrikaner se strewe na 'n eie vaderland, sy strewe na selfbeskikking ingebed is in die wete dat hy onder die hand van God lewe en alles van God kan vra en verwag. Die Gelofte en die oorwinning by Bloedrivier maak die Afrikaner 'n volk wat verbind en aan en onder 'n verpligting leef teenoor die Drie-enige God..... want in ons geskiedenis word dit duidelik dat die Here God kan beskerm en bewaar vêr bo die gelowige se verwagting en begrip.

**Die wonder van die Bloedrivier-veldslag.**

Die veldslag by Bloedrivier was in meer as een opsig merkwaardig. In die Voortrekker-laer was daar 470 weerbare manne wat met voorlaaiers gewapen was. Die voorlaaier was 'n wapen wat redelik omslagtig was om te laai want die afgemete hoeveelheid kruit en die koeël moes apart per hand gelaai word nadat die loop eers na elke skoot, skoongemaak is. Dit het beteken dat daarmee ongeveer 4 na 5 skote per minuut gevuur kon word. In 'n aanhoudende geveg het die geweer egter so warm geword dat die kruit voortydig kon ontplof. Daarom moes elke burger omtrent drie tot gewere hê sodat die geweer wat warm geword eers weer kan afkoel. Maar in 'n aanhoudende geveg was dit 'n probleem om die gewere af te koel ...

Bo en behalwe die voorlaaiers het die Voortrekkers ook nog 'n paar kanonnetjies gehad maar hulle het dieselfde probleme opgelewer as die gewere. Dit het beteken dat as die Zoeloes hulle aanval sou kon volhou, die Voortrekkers se gewere dou so warm word dat hulle nutteloos was ....

'n Verdere merkwaardigheid was dat die Zoeloes die dag die geveg geopen het deur die jonger soldare, die swart skilde, in te span terwyl die ervare impi's, die wit skilde, gesit en toekyk het. So het dit gebeur dat die swart skilde voor die moordende vuur wat uit die laer gekom het, geswig het sonder dat hulle met die burgers handgemeen kon raak. En toe die swart skilde terugval, het hulle bo-oor die wit skilde gehardloop en so die harde kern van die Zoeloe-mag ontwrig sodat hulle nie werklik aan die geveg kon deelneem nie.

By Bloedrivier het die Zoeloe-leër sy grootste neerlaag ooit gely ..... was dit die gevolg van verkeerde Zoeloe-krygstaktiek ? In 1878, knap veertig jaar later, het 'n Zoeloe-leër van ongeveer 10 000 man, slegs gewapen met assegaaie, 800 Engelse beroepsoldate, gewapen met Martini Henri agterlaaiers, saam met 800 swart hulptroepe by Isandhlwana uitgewis ..... Juis hierdie gebeure maak die Bloedrivier-slag so uitsonderlik.

Die Voortrekkers, met die Gelofte in gedagte, het geoordeel : Dit is die Here God wat hulle bewaar het en die vyand in hulle hande gegee het ..... want in daardie geveg is net drie Voortrekkers lig gewond, een van hulle was nogal genl. Andries

Pretorius. So was die slag teen die middag-uur gelewer en is genl. Pretorius in die gelyk gestel om vanuit ’n wa-laer die Zoeloe-oormag teen te staan.
I J Breytenbach vertel in sy herinneringe ” Sarel Cilliers nam ’t woord en zeide ongeveer dat de Belofte dat wij aan de Heere deden omdat Hij ons zoo genadig uit de hand des vijands had verlost, beteekende dat voor ons die dag, 16 December, steeds een dank-. bede- en herinneringsdag zal wezen van geslacht tot geslacht.”
So het die Here God die jaar 1838, wat so ’n rampjaar vir die Voortrekkers in Natal was, ’n oorwinningsjaar gemáák: die hoop op God, die geloof in God en die vertroue op God het nie beskaam nie.

**Slotopmerking.**

In 1938, toe die honderjarige bestaan van die Gelofte gevier is en die hoeksteen van die Voortrekker-monument in Pretoria gelê is, het dr. HCM Fourie, een van die bekende Hervormde predikante en ook een van die vyf Bybelvertalers van die 1933 Afrikaanse Bybel, oor die pad vorentoe gesê : “ .... ons moet net ons plig doen en met erns volgens ons beginsels lewe en ons ideale nie uit die oog verloor nie. Ons is mos en moet wees ’n Christelike volk wat in afhanklikheid van sy God lewe en alles van Hom verwag en alles in Sy hande laat nadat ons alles gedoen het wat Hy van ons verwag.
Ons moet ’n volk wees wat sy God ken en van Sy Goddelike seën afhanklik wil wees. Daarom mag ons nooit moedeloos wees nie of die stryd opgee nie of ons beginsel versaak nie of ons ideaal uit die oog verloor nie.
Ons moet vas staan en verdedig en aanhou en volhou sowel in die geestelike as die stoflike bestaan van ons volk, vir ons geestelike en stoflike goedere.”
Kan ons dan, as erfgename van die vadere en gebind deur die Gelofte ooit minder as dit doen ?”

**Toevoeging :**

’n Kort opmerkings van W à Brakel uit sy behandeling van die tema: Gelofte, in sy : De Redelyke Godsdienst, van 1736, Deel II, Hoofstuk 38, getitel: Van de Geloften.
’n Gelofte, so stel Brakel, is ’n verbintenis of ’n belofte aan God om ’n bepaalde goeie daad wat ons vrywillig wil doen om ons dankbaarheid te bewys, of om ons geestelike welstand te bevorder, ook werklik uit te voer. ’n Gelofte is dus ’n verbintenis, want mens word deur ’n gelofte verplig om dit na te kom wat jy belowe het.
Die Gelofte word deur Brakel gesien as ’n saak wat in die Genade-verbond wat God met die mens gesluit het, vanselfsprekend is. Immers deur die Genade-verbond is die mens ingebind as kind-van-God en gewillig om die Here te dien. Daarom kan die mens ’n belofte aan God maak dit uitvoer en ’n antwoord van God verwag.
Die Gelofte het egter grense. ’n Mens kan nie daaraan dink om, byvoorbeeld, te belowe om die Wet van God volledig te gehoorsaam nie, want die mens weet dat hy, as sondaar, nie in staat is om dit te doen nie. Die mens kan wel ’n Gelofte maak en dan tog sondig deur sy Gelofte nie volledig na te kom nie. Maar dan is nog nie dadelik ’n verbreking van die Gelofte nie, want elke mens weet dat hy kan en sal sondig. Juis daarom moet ’n Gelofte wat aan God gemaak word oor ’n goeie saak gaan waarvan die mens seker is dat hy dit kan en mag doen.

Jefta, byvoorbeeld, het sonde gedoen met sy roekelose Gelofte wat hom “verplig” het om sy dogter te offer – Rigters 11:30 – 40. Brakel wys juis daarop om die mens te waarsku om nie roekelose Geloftes te maak nie. Dan stel Brakel die volgende (ek haal sy eie woorde aan): “Als men Geloften doet, dan moet men ze niet doen by wege van koopmanschap met God te dryven : Geeft my dit, ik zal U dat geven. Maar zy moet geschieden als een dankbaarheid aan God - Psalm 50 : 14 : “Offer Gode dank en betaal den Allerhoogste uwe geloften.”

Zyn wij in noodt, moet men bidden om verlossingen ende in onze beweegredenen ook dese gebruiken dat wy lust hebben om den Heere met blijdschap te dienen en den Heere te danken ende te verheerlijken als Hy ons zoude uitgeholpen hebben en dat wy onze dankbaerheyt ook zoude betoonen daarmee of dat na te laten of te geven of te doen.

"Als men dan in alle omstandigheden een goede Gelofte gedaan heeft, dan moet men zeer voorzichtig zyn dat mens ze ook betalen" ... en dan word verwys na Ps. 76:12; Ps. 23:21; Pred. 5:4 en veral Ps. 66:13 “Ek sal met brandoffers in U huis ingaan; ek sal U al my geloftes betaal wat my lippe ge-uit en my mond uitgespreek het toe ek benoud was.”

Dit is tog merkwaardig, dat dit tog moontlik is om so in die geskiedenis te kan terugkyk en die omstandighede uit te pluis sodat die situasie waarin die vadere was, as ’t ware ’n werklikheid word en verstaan kan word. Dan word dit duidelik dat die vadere vas geglo het dat die Almagtige God hulle sou uitred .... sodat hulle sonder vrees die slagveld betree het en sonder enige gesneuweldes of noemenswaard gewondes aan hulle kant, die slagveld oorheers het.

A D Pont.

Desember 2019